

Boodskap Sondag 16 Augustus 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Ons het erediens gewone tyd Sondag, almal is welkom, onthou julle maskers.

Loflied LB 190:1-3

In 'n artikel wat ek onlangs raaklees word verduidelik daar 'n kontrak bestaan tussen die burgers van 'n land en die regering van die dag. As een van die partye nie die voorwaardes van die kontrak nakom nie, dan kom daar gewoonlik moeilikheid. Dis ernstige sake wat in my hart wakker maak dat ons mos as individue en as liggaam van Christus ook 'n kontrak met ons Skepper het. Dit het God telkemale vir sy volk verklaar: Julle sal my volk wees, en Ek sal julle God wees (Jeremia 30: 22; Levitikus 26:12; Jesaja 43:1b; Esegïel 37:27; 2 Kor. 6:16).

As jy glo in God en Christus bely as die Seun van God is jy deel van sy volk en is daar 'n staande kontrak tussen jou en God. En dit is meer ernstig as 'n kontrak tussen 'n nasie en hul aardse regeerders. Met God staan ons inderwaarheid in twee kontrakte – die een soos die Ou Testament en die ander soos die Nuwe Testament, net eerder genoem die Ou Verbond en Nuwe Verbond. Die eerste kontrak word weergegee in die Tien Gebooie (Eksodus 20:1-17).

Na die tweede Kontrak tot ons gekom het, kan ons die riglyne van die Tien Gebooie saamvat soos in Markus 10:18-19 // *Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis aflê nie, jy mag nie iemand veronreg nie, eer jou vader en jou moeder, en ook dan die grootste gebod wat al die gebooie saamvat soos in Matteus 22:36-40 // Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.*

LB 532:1-3

Die Tien Gebooie is amper nes 'n land se wette en regulasies wat 'n sosiale kontrak tussen die burgerlike samelewing en die regering is om 'n beter lewe vir almal te gun. As jy uitgevang word dat jy dit nie nakom nie, word jy beboet of gaan jy selfs tronk toe. God se Wette is egter ook 'n anderster soort van kontrak – veel eerder 'n verbond. 'n Sosiale kontrak het ten doele die instandhouding van omgewing wat gunstig vir die mens is om homself uit te lewe. Dit behels die algemene riglyne wat nagekom moet om dit in stand te hou. God se verbond het dieselfde vrug, maar met 'n meerdere doel – om sy koninkryk uit te bou wat uit 'n

ander perspektief beteken om lig in die donker te wees. En dié ware lig kan ons net ken deur die Wet wat ons wys hoe uitgelewer ons is aan die duisternis.

Die skepping en die mensdom is juis so gemaak dat God se koninkryk tot sy eer gebou kan word. Die Tien Gebooie is ook meer as net 'n goeie handleiding van hoe om te lewe – dit verduidelik ook hoe die skepping ontwerp is. Van die kleinste tot die grootste wat ook al in die skepping het te make met die faktor van oorsaak en gevolg. Volg byvoorbeeld die riglyne soos gebied in die Tien Gebooie en dit dra goeie vrug; ignoreer dit en dit dra slegte vrug. Ons aardse werklikheid is voorwaardelik geskep: Jy moet gee wat jy wil hê. Wil jy volkome lewe? Volg dan die riglyne soos in die Wet van God voorgeskryf word.

Maar elke mens kom een of ander tyd agter dat die lewe 'n leerskool is want die mens het sy eie wil – ons kan kies wat ons wil doen. So, soos kinders, moet ons leer dat die verkeerde doen en late gaan ons pak slae gee. As jy nie wil hoor nie, dan moet jy voel. Dit is hierdie aspek wat die mensdom self benoem as die oersonde waartoe hy uitgelewer is in die stryd tussen eie wil en gehoorsaamheid aan sy opdrag van sy Skepper. Die kern hiervan is dat die mens uit vrye wil die goeie moet kan kies deur eers te leer dat die slegte regtig sleg is.

Ons moet die duisternis ervaar om te weet wat lig is nes ons moet weet dat elke gedagte en woord en daad 'n soortgelyke vrug dra. Ons gees wil nog probeer die regte ding doen, maar die vlees is swak.

Die wêreld se geskiedenis wys van nuts af dat die mens innerlik liggelowig en uiterlik eiesinnig is. Ons skiet vele kere die teikens wat God opstel mis en verdwaal dikwels deur allerhande afdraaipadjes te neem. Ons boetes en tronktyd van brandoffer en sondeoffer verskaf nie die werklike oplossing nie. 'n Nuwe soort van offer word benodig. Daarom word die verbond versterk met 'n tweede soos dit beskryf word in Hebreërs 10:16-17 (na die profesie in Jer. 31:34) // *..want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe.*

Hierdie nuwe kontrak word mens in Jesus Christus. In hierdie verbond kry ons nou 'n bevryder en verlosser van die alewige afdwaal en mistastings. Die Seun van God word vir ons die volmaakte offer wat die innerlike vernietigende kragvelde afbreek sodat ons volkome kan lewe en kan wees en doen waarvoor ons geskep is. Soos Hebreërs 10:19 dit belig verkry ons nou toegang tot God se Gees deur die metaforiese bloedoffer van Jesus Christus. Dit

is 'n wonderlike Kersgeskenk van onverdiende genade, maar dit vra ook van ons om te kies om dit te benut.

Die eerste verbond bly wel staan in sy volle gang en nie net as lewenshandleiding nie, maar ook dan as lewensspeël. Die verlossing wat ons kry in Christus is om voluit te leef en nie 'n bevryding van die Tien Geboie nie. Wie hierdie riglyne nie nakom nie, sal steeds die gevolge daarvan dra. In die Bergpredikasia (Matt 5:17-18) bevestig Jesus dit: *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle, hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan, as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.*

Dit is nogal interessant dat die doel van 'n kontrak tussen die regering van die dag en die burgerlike samelewing orals in sy wette en regulasies veel van dieselfde stipulasies het as die eerste verbond wat God met die mensdom aangegaan het. Dit is eintlik logies want die voorskrifte het almal te make om vernietiging te verhoed en eerder die samelewings op te bou in wat ons ken as liefde. Soos regerings ook wel agterkom en meeste mense ook weet is die voorskrifte en riglyne nie so maklik om na te kom

nie. Daar is ander drifte en gange van die mens wat maak dat hy die vrugte van verbode vrugteboom wil eet en selfs wil God speel.

Wat regerings nie kan bied nie, is die onderbou van wat verkeerde neigings en drifte kan wegvee. Mense kan slegs afgeskrik word van sulke aksies en uitinge. Regerings is ook nie aldag engeltjies nie en dit spoel gou oor na die burgerlike samelewing – soos ons deesdae terdeë bewus is van. Ons wat kinders van God is, het egter hierdie wonderlike bonatuurlike hulp deur die Gees van God wat ons help om die mag en krag van verkeerde teikens en verdwaal roetes te vermy. Die hulp vra weliswaar van ons om dit in volle oortuiging te kies en dit is 'n deurlopende saak vir elke oomblik. Die waarheid is dat God se skepping in ons eie hande en harte is – dis hoekom ons hier is. Regerings kan dit nie regkry nie, ons kan waar ons soos suurdeeg werk of soos klein saadjies wat geplant word of soos 'n lig teen die koppe of Christelike smaak te gee aan God se begeertes. Daarvoor is ons ook gemeente om mekaar te ondersteun en te leer.

Slotlied LB 200:1-3

Ek bied die woorde van Jesus by sy laaste maaltyd (1 Kor. 11:24-25) saam met sy dissipels as 'n seën om in jou hart te vestig: *Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank*

k

*het, het Hy dit gebreek en gesê:
`Dit is my liggaam; dit is vir julle.
Gebruik dit tot my gedagtenis.'
"Net so ook het Hy ná die maaltyd
die beker geneem en gesê: `Hierdie
beker is die nuwe verbond, wat
deur my bloed beseël is. Gebruik
dit, elke keer as julle dááruit drink,
tot my gedagtenis.'*

Amen.

Ds. Jan B